



# VRYSTAAT LANDBOUKOLLEGE

— Unitas in Variis —

Gedryf deur



## Nasionale Diploma Diereproduksie

Met spesialiteit in:  
Skaap- en Wolproduksie

SAQA Kode 49011



## AKADEMIESE PROSPEKTUS

# 2023/2024

## **KURSUSOORSIG**

Nasionale Diploma: Diereproduksie | NQF 5, 240 Krediete

*Met spesialiteit in Skaap- en Wolproduksie*

## **KWALIFIKASIEREËLS**

Die Nasionale Diploma in Diereproduksie met 'n spesialiteit in Skaap- en Wolproduksie is 'n akademiese aanlynprogram wat ondersteun word deur praktiese modules, ontwikkel vir die skaap- en wolbedryf in Afrika, suid van die Sahara.

Die kwalifikasie fokus op die Bestuur van Operasionele Skaap- en Wolskaapproduksievaardighede binne die wetenskaplike raamwerk van kennis oor biologie, natuurbewaring, regeneratiewe produksie, landbou-ekonomie en strategiese besigheidsbestuur, ondersteun deur fundamentele kennis oor die toepassing van basiese rekenaarvaardighede, kommunikasie, toegepaste wiskunde, landbouingenieurstechnologie, chemie en fisika.

Die tweejaar Nasionale Diploma in Diereproduksie met 'n spesialiteit in Skaap- en Wolproduksie sal kwalifiserende studente instaat stel om aktief deel te neem en kennis in primêre skaap- en wolproduksie op te doen, terwyl die algehele kennis oor die landbouwaardeketting verbeter word en geleenthede geskep word om toegang tot plaaslike, nasionale en internasionale landboumarkte te verkry.

Spesifieke bevoegdheid sal verkry word in die gespesialiseerde subvelde van skaapproduksiestelsels, teling, hanteringspraktyke, klasse en lewensfunksies, voeding, produksienorme en meting, rekordhouding en prestasie-meting, siektes en biosekuriteit, hantering en bestuurspraktyke, die voerkraalomgewing, skaapwaardekettings en die slag van skape, gradering van vleis, asook die klassering en sortering van wol, met 'n ewe sterk fokus op ekonomiese en finansiële bestuur.

Na voltooiing van studies sal studente goed geëksposisioneer wees om hulle ervaring en kennis uit te brei na ander sub-velde soos gewasproduksie, gemengde boerdery, wildbestuur en plaasbestuur.

## **TOELATINGSVEREISTES**

Die volgende minimum toelatingsvereistes is van toepassing om vir die Nasionale Diploma in te skryf:

- Nasionale Senior Sertifikaat (Graad 12), of Nasionale Sertifikaat (Beroepsgerig) wat toegang tot Diploma- of Hoër Sertifikaatstudies toelaat
- Minimum Aansoekpunt van 20
- Engelse onderrigtaal met 'n minimum prestasievlak 3 (40%)
- Wiskundige Geletterdheid met 'n minimum prestasievlak 4 (50%), of
- Wiskunde met 'n minimum prestasievlak 2 (30%)

## **KWALIFIKASIE OORSIG**

### **Eerstejaarsmodules**

#### **Semester 1**

1. Inleidende modules (INDU110 & NATU110)
2. Basiese Rekenaarvaardighede (COMP110)
3. Kommunikasievaardighede I (COMM114)
4. Toegepaste Wiskunde en Statistiek I (MATH114)
5. Landbouwetenskap I (AGSC110)
6. Landboubestuur en -ekonomie I (AGMA114)
7. Veekunde I (ANIM114)
8. Skaapproduksie I (SHEP114)

#### **Semester 2**

1. Kommunikasievaardighede II (COMM124)
2. Agri Ingenieurstechnologie I (ENGI124)
3. Landboubestuur en -ekonomie I (AGMA124)
4. Veekunde I (ANIM124)
5. Weidingsleer I (GRAZ120)
6. Skaapproduksie I (SHEP124)

### **Tweedejaarsmodules**

#### **Semester 1**

1. Toegepaste Wiskunde en Statistiek II (MATH215)
2. Weidingsleer II (GRAZ210)
3. Veekunde II (ANIM215)
4. Skaapproduksie II (SHEP215)

#### **Semester 2**

1. Landboubestuur en -ekonomie II (AGMA225)
2. Weidingsleer II (GRAZ220)
3. Veekunde II (ANIM225)
4. Skaapproduksie II (SHEP225)

## **KURRIKULUM**

### **Eerste jaar:**

#### **Eerste Semester:**

##### **Inleidende modules**

- Inleiding tot Agripedia (INDU110)
- Die aard van jou denke (NATU110)

**Module 1: Basiese Rekenaarvaardighede (COMP110)**

- Inleiding tot rekenaars
- Rekenaarkomponente
- Bedryfstelsels
- Elektroniese Kommunikasie
- Microsoft Office

**Module 2: Kommunikasievaardighede I (COMM114)**

- Akkommodeer gehoor- en konteksbehoefte in mondelinge en geskrewe kommunikasie
- Interpreteer 'n verskeidenheid van literêre tekste
- Interpreteer en gebruik inligting uit tekste
- Skryf tekste vir 'n reeks kommunikatiewe kontekste

**Module 3: Toegepaste Wiskunde en Statistiek I (MATH114)**

- Wiskundige omskakelings
- Hoeveelhede in Landbou
- Omtrek, Oppervlakte, Volume en Afstande
- 2 en 3 afmetings
- Kaarte
- Data, Statistiek en Waarskynlikhede in Landbou
- Finansiële Wiskunde

**Module 4: Landbouwetenskappe I (AGSC110)**

- Diere- en Plantbiologie
- Basiese Chemie
- Ekologiese beginsels

**Module 5: Landboubestuur en -ekonomie I (AGMA114)**

- Plaasbeplanning
- Inleiding tot Plaasbestuur
- Menslike hulpbronbestuur
- Insetverkryging, aankope en voorraadbeheer

**Module 6: Veekunde I (ANIM114)**

- Klassifikasie & Nomenklatuur
- Genetika en teling
- Anatomie & Fisiologie
- Diersiektes en -gesondheid (MSD)

**Module 7: Skaapproduksie I (SHEP114)**

- Inleiding tot Skaapproduksie
- Oorsig van die Skaapbedryf
- Telingsisteme
- Skaapproduksiestelsels
- Skaaphanteringsfasiliteite en bestuurspraktyke

**Eerste jaar:**

**Tweede semester:**

**Module 1: Kommunikasievaardighede II (COMM124)**

- Volgehoue mondelinge kommunikasie en evaluering van gesproke teks
- Lees, analiseer en reageer op 'n verskeidenheid van tekste
- Gebruik taal en kommunikasie in beroepsleerprogramme
- Skryf vir 'n wye verskeidenheid van kontekste

**Module 2: Agri Ingenieurstechnologie I (ENGI124)**

- Energie
- Landbouveiligheid
- Gereedskap & Toerusting
- Strukturele Materiale & Konstruksieprosesse
- Besproeiing & Watervoorsiening
- Geografiese Inligtingstelsels

**Module 3: Landboubestuur en -ekonomie I (AGMA124)**

- Plaasbesigheidsbeplanning
- Finansiële bestuur
- Natuurlike en volhoubare hulpbronne
- Bemarking

**Module 4: Veekunde I (ANIM124)**

- Dieroeding
- Predasiebestuur
- Diersiektes en -gesondheid (MSD)
- Kunsmatige inseminasie

**Module 5: Weidingsleer I (GRAZ120)**

- Inleiding tot veldbestuur
- Suksessie, Evolusie en veld tipes
- Plant Identifikasie
- Assessering van veldtoestand en drakrag

**Module 6: Skaapproduksie I (SHEP124)**

- Voeding van skape
- Veilige vervoer van skape
- Die voerkraal
- Skaapskeerpraktyke
- Klassering en sortering van wol

**Tweede jaar:**

**Eerste semester:**

**Module 1: Toegepaste Wiskunde en Statistiek II (MATH215)**

- Patrone, volgordes en reekse
- Funksies
- Komplekse getalle

**Module 2: Weidingsleer II (GRAZ210)**

- Groeiproses van plante
- Produksie op natuurlike weidings
- Kwaliteit van ruvoer
- Weidingsbenutting
- Plaassdiere as benutters van weiding
- Verwydering van oormatige weiding
- Doelwitte van veldbestuur

**Module 3: Veekunde II (ANIM215)**

- Anatomie & Fisiologie
- Skaap Gesondheid en Biosekuriteit (MSD)
- Gevorderde voeding van ruminante

**Module 4: Skaap Produksie II (SHEP215)**

- Bestuur van die skaapplaas as produksie-eenheid
- Die geheelbeeld van skaapboerdery
- Kudde -bestuur en lewensfunksies
- Optimale produksie
- Produksie maatstawwe

**Tweede jaar:**

**Tweede semester:**

**Module 1: Landboubestuur en -ekonomie II (AGMA225)**

- Eienaarskap
- Operasionele beplanning en toepassing
- Produksiebestuur

**Module 2: Weidingsleer II (GRAZ220)**

- Veldtipes
- Onderverdeling van veld
- Beginsels van veldbestuur
- Ruspraktyke
- Drakrag & Weidingskapasiteit
- Veelvuldige stelsels
- Weidingsbestuursrekords

### **Module 3: Veekunde II (ANIM225)**

- Skaapgesondheid en Biosekuriteit (MSD)
- Gevorderde voeding van ruminante
- Varkproduksie

### **Module 4: Skaapproduksie II (SHEP225)**

- Intensiewe voeding van skape
- Volhoubare bronne
- Rekordhouding
- Produksiemeting
- Slag van skape en prosesering van skaapvleis
- Die waardeketting

## **VAARDIGHEDE EN WERKSGELEENTHEDE**

Die student sal gedurende sy/haar studies 'n kritiese begrip van moderne skaapproduksie in Afrika ontwikkel, asook die begrip van hoe skaap- en wolproduksie in die internasionale ekonomie werk.

Student sal praktiese en relevante vaardighede opdoen wat hom/haar in staat sal stel om in die skaap- en ander veeproduksiesektore in Afrika suid van die Sahara te werk.

Alle kursusinhoud is gebaseer en word ondersteun deur die nuutste industrie-ontwikkelings en hierdie beste praktyke sal die student in staat stel om skape met sukses kommersieel te produseer.

Gegradueerdes sal die primêre landbouwerkplek kan betree en deur harde werk en toewyding 'n florerende loopbaan kan vestig.

## **METODE VAN AANBIEDING**

Die Nasionale Diploma in Diereproduksie met 'n spesialiteit in Skaap- en Wolproduksie word as 'n gemengde akademiese program aangebied wat behels 'n opwindende internet tegnologie gedrewe leerprogram waar studente in die rekenaarlokaal selfstudie toepas onder toesig en hulp om werksopdragte na te vors en in te dien. Studente word ook onderrig in teoretiese en praktiese lesings deur professionele akademici en tegnisi vanuit die verwante landbou-industrie.

Praktiese opleiding en vaardigheid word opgedoen deur interaktiewe veldbesoeke aan kommersiële produsente in die bedryf, asook die aanbod van verskeie industrie relevante vaardigheds kursusse.

Hierdie is 'n deelnemende leerprogram waar die student ook in staat sal wees om met medestudente regoor die land te kommunikeer deur middel van Agri-sosiaal, ons sosiale media platform. Hierdie platform maak voorsiening om vrae te bespreek, aook die geleentheid om interessante artikels, fotos en video's op te laai en te deel. Deur die verloop van die akademiese jaar sal dosente en tegnisi beskikbaar wees om akademiese riglyne te verskaf.

## KOSTES

Die volgende akademiese fooie is van toepassing vir 2023/2024.

### Voltydse inwonende studente:

Kategorie:	Jaar 1 (2023): R 120 000	Jaar 2 (2024): R 120 000
<b>Met registrasie:</b>	R 2 000	R 2000
<b>Eerste Semester: 50% betaling</b>	R 58 000	R 58 000
<b>Tweede Semester: 50% betaling</b>	R 58 000	R 58 000
<b>10 Maandelikse Debietorder betalings (Op spesiale versoek) (R 2 000 registrasiefooie steeds van toepassing)</b>	R 11 950	R 11 950

### Dagstudente:

Kategorie:	Jaar 1 (2023): R 45 000	Jaar 2 (2024): R 45 000
<b>Met registrasie:</b>	R 2 000	R 2000
<b>Eerste Semester: 50% betaling</b>	R 21 500	R 21 500
<b>Tweede Semester: 50% betaling</b>	R 21 500	R 21 500
<b>10 Maandelikse Debietorder betalings (Op spesiale versoek) (R 2 000 registrasiefooie steeds van toepassing)</b>	R 4 450	R 4 450

***Let wel:*** Die kostes vir vervoer, etes en akkommodasie vir maondlike praktiese opleiding buite Bloemfontein is nie ingesluit by die akademiese kostes nie en sal vooraf met studente bespreek word soos van toepassing vir praktiese opleiding.



## **ALTERNATIEWE REËLINGS VIR BETALING**

Indien die student nie in 'n finansiële posisie is om die volle bedrag per semester te betaal nie, kan skriftelike aansoek vir die maandelikse betaling van modules gerig word aan:

Die Finansiële Direkteur, [admin@vslk.i3a.co.za](mailto:admin@vslk.i3a.co.za)

## **Hoekom by die i3A / Vrystaat Landboukollege studeer?**

- Vrystaat Landboukollege bied voltydse inwoning met 'n Afrikaanse studente kultuur en kampuslewe
- Akademiese programme word ontwikkel en aangebied onder toesig van professionele akademici en tegnisi vanuit die Suid Afrikaanse Landbou-industrie
- Kwalifikasies en kursusse is SAQA geakkrediteer
- Geakkrediteerde dosente en akademici vanuit die industrie bied die kwalifikasies aan
- Pasgemaakte aanlyn Landboukampus wat e-leermodules en 'n aanlyn ensiklopedie vir lewenslange ondersteuning insluit

## **MEER INLIGTING:**

[www.vslk.co.za](http://www.vslk.co.za)

E-pos: [admin@vslk.i3a.co.za](mailto:admin@vslk.i3a.co.za)

Tel: +27 (0)51 444 0201

*Gedryf deur*

